# HOOFSTUK IV.

## UITBREIDING EN OPVOEDKUNDIGE PRESTASIES VAN 'N NUWE TYDPERK, 1806 - 1839.

### 1. Vooruitgang en doelbewuste uitbreiding.

(a) Die vooruitgang en doelbewuste uitbreiding van die opvoedkundige bedrywigheid wat die Morawiese Sending gedurende hierdie periode kenmerk, moet enersyds aan die agting en beskerming wat die Broeders sedert die tweede oorgawe van die Kaap in 1806 van die Britse owerhede geniet het en andersyds aan die aankoms van meer arbeiders vanuit Europa, toegeskrywe word.

Die nuwe stasies wat gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu ontstaan het, kan gerieflikheidshalwe in drie groepe verdeel word: Skenkingstasies (Grandstationen), eiendomstasies en vrystasies op die platteland.

(b) Skenkingstasies (Grandstationen). Hierdie groep sendingstasies waarvan Genadendal wat gedurende die vorige eeu ontstaan het en andere soos Groenekloof, Enon en Clarkson die enigste is, bestaan almal uit groot stukke grond wat die Morawiese Broederkerk in eersgenoemde geval van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie en in laasgenoemde gevalle van die Britse regering as skenkings ontvang het met die doel „dasz sie das Land zum Besten der Eingeborenen verwalten sollte".[1]

Genadendal. Ondanks die stigting van nuwe sendingstasies om die stelselmatige toevloeiing van Hottentotte die hoof te bied, was „de aanvraag van gekleurden om toelating tot deze oudste en grootste stasie (d.w.s. Genadendal) nog steeds aan 't groeien".[2]

Tussen 1809 en 1810 het etlike Naturelle-families verlof ontvang om hulle in Baviaanskloof te vestig.[3] Om die twee rassegroepe behoorlik te segregeer en botsings te voorkom, is

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 367.
2. Winckler: Elim, 1824-1924, 3.
3. Periodical Accounts, 1795-1834, 120.

die nuwe inwoners toegelaat om hulle in 'n lokasie op die oostelike oewer van die Baviaansrivier te vestig.[1] Vanweë hulle vreedsame houding tydens die onluste van die Vyfde Kafferoorlog, het die Britse bewindhebbers hulle veroorloof om langer binne die grense van die Kolonie te bly woon.[2]

Waar Genadendal vroeër genoegsame winter- en somerweiding vir die beeste en ander diere van die inwoners gebied het, kon die sendingstasie vanweë agtereenvolgende afskeiding van verskeie stukke grond, die vermeerdering van die aantal ingesetenes en die styging van pryse vir lewensmiddele nie meer sy bevolking dra nie en „it becomes extremely desirable that they should sow their own ground and have more room for their cattle".[3] Alhoewel beide graaf Caledon en sir John Cradock die stigting van meer neersettings[4] aan die hand gedoen het, het laasgenoemde voor sy vertrek 'n verdere 1000 akker vir weidingsdoeleindes aan die Morawiese Broeders geskenk.[5] Nadat hierdie skenking sedert die finale afbakening van Genadendal in 1814 met nog 3,600 morg deur lord Charles Somerset vergroot is, was die sendelinge instaat om alle nuwe applikante tot die sendingstasie te verwelkom.[6]

Die amptelike besoek van biskop C.I. Latrobe, sekretaris van die Unitas Fratrum aan Genadendal in Januarie 1816, het tot heelwat hervormings i.v.m. die sendingstasie aanleiding gegee. Daar die organisasie van sendingwerk in die Kolonie tot dusver nog altyd vanuit Herrnhut geskied het, het die daarstelling van 'n eie sendingbestuur met die oog op verdere uitbreiding 'n dringende noodsaaklikheid geword. Met hierdie doel voor oë het Latrobe dan in oorleg met die verskillende sendelinge daartoe oorgegaan om die eerste sendingbestuur of „Hel-

---

1. Burchell: Travels into the interior of Southern Africa, Deel 1, 11.
2. Latrobe: Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816, 68.
3. Theal: Records of the Cape Colony, 1812-1814, 191.
4. Theal: t.a.p., 1814-1815, 344.
5. Ibid., 344.
6. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 88.

perkonferensie" soos dit bekend gestaan het, in die lewe te roep.[1] Omstreeks hierdie tyd het die ingesetenes van Genadendal ook nog oor geen geskrewe reglemente beskik wat die gesamentlike burgerlike en kerklike gang van die gemeenskap vasgelê het nie. Daar dergelike reëls vir so 'n groot gemeenskap onontbeerlik was, het Latrobe vervolgens met medewerking van die plaaslike leraars die eerste reglemente vir die sendingstasie opgestel.[2] Ook aan die huisvesting van sendelinge en hulle families het hy sy aandag geskenk. So is dan op sy aanbeveling in dieselfde jaar nog 'n bykomende woonhuis bestaande uit drie kamers en 'n skrynwerkerswinkel in lyn met die smidswinkel en skool wat 'n paar jaar vroeër opgerig is, onder die bekwame toesig van eerw. P. Leitner binne 'n paar maande voltooi.[3] Benewens hierdie hervormings en verbeterings het Latrobe hom in sy hoedanigheid as sekretaris van die Morawiese Broederkerk voor en na sy besoek onophoudelik vir die vermeerdering van arbeidskragte en uitbreiding van die sendingsfeer in Suid-Afrika, beywer.[4] In hierdie verband het hy dan ook tydens sy besoek 'n belangrike onderhoud met mnr. ? Alexander, koloniale sekretaris, gehad wat hom weer op sy beurt van die belangstelling en bereidwilligheid van die Britse regering insake die opheffing van die Hottentotte, verseker het. Op sy aanbeveling is dan die bekwame eerw., later biskop H.P. Hallbeck, na Genadendal beroep om daar as sendeling en superintendent van die Morawiese Sending uitvoering aan sy aanbevelings en opdragte van die Sinodale Kommissie te gee.

Na die aankoms van eerw. Hallbeck het Genadendal 'n hele aantal rustige jare beleef en op tydelike sowel as geestelike gebied buitengewone vooruitgang gemaak. Vanaf 1823 tot 1825 word andermaal van ongegronde beskuldigings wat in die geheim

---

1. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid- Afrika-Wes, 8.
2. Ibid.
3. Latrobe: Journal of a visit to South Africa in 1815-1816, 68.
4. Theal: Records of the Cape Colony, 1814-1815, 345;
Records of the Cape Colony, 1818-1820, 323;
Records of the Cape Colony, Aug,-Nov., 1825, 410.
Records of the Cape Colony, Feb. - April 1825, 113.

sowel as in die openbaar teen die Broeders gelug is, verneem. Daar hierdie beuselagtige beskuldigings die saak van die Here kon skaad, is die hele kwessie voor die goewerneur gelê. Ofskoon die aard van die beskuldigings verswyg word, het die goewerneur, nadat hy hom van hulle onskuld en waardevolle dienste in verband met die opheffing van die Hottentotte vergewis het, hulle metode van optrede asook hulle reëls en regulasies soos deur eerw. Hallbeck in 1827 hersien, goedgekeur.[1] In Maart van dieselfde jaar is vervolgens 'n Raad of Konferensie bestaande uit sendelinge, kerkdienaars en opsigters vir Genadendal saamgestel om voortaan leiding in alle sake rakende die uiterlike bestuur van die sendingstasie te gee.[2]

Ten spyte van tydelike voorspoed is die inwoners ook dikwels deur ontydige droogtes en oorstromings geteister. In hierdie verband verneem ons dat die nood wat as gevolg van twee agtereenvolgende misoeste en skaarste aan lewensmiddele veroorsaak is, gedurende die buitengewone reënseisoen van 1822 aansienlik vererger is toe baie vanweë die ineenstorting van huise dakloos gelaat is. Alhoewel heelwat finansiële hulp van die regering en vriende vanuit Engeland, Duitsland en Holland vir noodlydendes ontvang is, was baie ingesetenes verplig om die sendingstasie vir 'n tydperk te verlaat om elders in die land 'n heenkome te gaan soek. Ten einde die ontwrigting wat deur dergelike terugslae veroorsaak is die hoof te bied, is sedertdien stappe gedoen om die uiterlike voorspoed van die kleurlinge te bevorder.[3] Sodoende het die leraars daarin geslaag om die inwoners sowel as die uitgewekenes te inspireer en aan die einde van 1835 het die bevolking op 1406[4] te staan gekom. Danksy die genialiteit en skeppingsvermoë van biskop Hallbeck is hierdie sendingstasie verhef tot een wat die bewondering van almal afgedwing het.

---

1. Periodical Accounts, 122.
2. Ibid.
3. Ibid., 124.
4. Theal: History of South Africa, 1795-1834, Deel 3, 142.

Groenekloof. Nadat graaf Caledon die sendingbedrywighede van die Morawiese Broeders in Desember 1807 te Genadendal geïnspekteer het, het hy hulle 'n aanbod gemaak om 'n tweede sendingstasie sowat dertig myl noord van Kaapstad, te Groenekloof, vroeër beter bekend as De Kleine Post, te begin. Hierdie gebied is na die eerste pokke-epidemie as 'n soort reservaat aan die oorlewendes van die Cochoquas, Goringhaiquas en die Gorachouquas wat hulle met verloop van tyd met blankes en slawe verbaster het, toegeken sonder dat die gebied opgemeet of op hulle naam getransporteer is.[1] Die grootte van die stuk grond wat aan die Morawiërs toegeken is, het dus Groenekloof, waar ongeveer 100 Hottentotte onder 'n kaptein gewoon het, saam met Louwskloof en Cruywagenskraal, twee ander Hottentotstasies, ingesluit.[2] Daar die opstal en gronde van De Kleine Post oorspronklik die eiendom van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie was en later verpag is, kon die Broeders nie daar met hulle werksaamhede begin alvorens die huurkontrak van die pagter verstreke was nie. Eers op 23 Maart 1808 is hulle deur die Owerhede verwittig dat die huurder beveel is om die plaas te verlaat sodra hulle daar sou aanland en dat bovermelde eiendom aan hulle op dieselfde voorwaardes as dié te Genadendal geskenk is.[3] Kragtens hierdie versekering van owerheidsweë het eerww. J.F. Kohrhammer en J.H. Schmitt dan met hulle werksaamhede op 27 Maart in Groenekloof begin.[4]

Cradock en Somerset was egter van mening dat hierdie ideale stuk grond wat as 'n gesogte landelike tuiste vir die Kaapse goewerneurs kon gedien het, nooit aan die Morawiese Broeders moes geskenk gewees het nie.[5] Toe hierdie sendingstasie dan in 1814 deur laasgenoemde goewerneur besoek is, het hy ernstige besware teen die luiheid en onsedelikheid van die ingesetenes

---

1. Theal: History of South Africa, 1795-1834, Deel 3, 142.
2. Theal: Records of the Cape Colony, 1812-1814, 261.
3. Ibid., 262-263.
4. Almanak van die Morawiese Broederkerk in Suid-Afrika, 1950.
5. Marais: The Cape Coloured people, 140.

geopper en die plaaslike sendelinge gewaarsku dat hy nie bereid was om die neersetting as 'n permanente sendingstasie te erken nie tensy „some regular system is adopted by which each individual of the Institution is compelled to add to the general prosperity by giving his labour either to the farms in the vicinity, or to the agricultural or other pursuits of the Institution itself".[1)]

Daar die sendelinge nie aan hierdie voorwaarde onmiddellik voldoen het nie, het hy hulle in dieselfde jaar versoek om hulle bedrywighede te staak en met hulle volgelinge na Genadendal te verhuis.[2)] In antwoord op hierdie versoek het die sendelinge die goewerneur op takvolle wyse meegedeel dat hulle alleen deur die Owerhede te Herrnhut beveel kon word om die sendingstasie te verlaat.[3)] Nadat alle onderhandelings met die goewerneur vrugteloos geblyk het, het biskop Latrobe daarin geslaag om met die koloniale sekretaris 'n ooreenkoms te tref waardeur bestendigheid aan Groenekloof gewaarborg is.[4)]

Gedurende 1808 is die aantal inwoners van hierdie stasie aansienlik vermeerder deur baie Tamboekies en ander Naturelle wat verlof ontvang het om hulle hier te vestig.[5)] Sedert die tyd het die bevolking dan snel toegeneem en sewe jaar later het dit op 300 siele te staan gekom. Die huisies van die ingesetenes wat op 'n taamlike afstand van die tuistes van die sendelinge oor die vallei heen verspreid gestaan het, het geen tekens van eenvormigheid aangaande grootte, materiaal en afwerking getoon nie.[6)] Benewens tuine en baie ander voorregte het die Hottentotte ook ongeveer 400 beeste op Groenekloof aangehou vir die weiregte waarvoor niks betaal is nie. Ten einde al die uitgawes ter bevordering van hulle belange te bestry, het Latrobe tydens sy besoek in 1815 voorgestel dat alle eienaars

1. Theal: History of the Cape Colony, 1814-1815, 178.
2. Marais: The Cape Coloured People, 140.
3. Theal: Records of the Cape Colony, 1814-1815, 188.
4. Marais: t.a.p., 140.
5. Missions in South Africa, 145.
6. Latrobe: Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816, 44.

van beeste voortaan 'n klein bedraggie moes betaal.[1] Vanweë sy takvolle optrede het hy ook daarin geslaag om die guns van die eertyds hardnekkige en onsimpatieke Somerset te verkry en so is die kerk waarom die sendelinge so 'n geruime tyd aansoek gedoen het, in 1816 voltooi.[2]

Net soos in die geval van Genadendal is die algemene vooruitgang van hierdie stasie ook op tydelike gebied deur twee agtereenvolgende misoeste, skaarste aan voedsel en die buitengewone reënseisoen van 1822 aansienlik gestrem. Die swaar reëns en storms wat gedurende die winter gewoed het, het baie huise verwoes en een van die gewels van die pasvoltooide kerk laat instort.[3]

Ondanks hierdie terugslae is die geestelike vooruitgang van die inwoners geensins gestrem nie. Onder die bekwame leiding en toesig van die sendelinge het hulle weer moed geskep en deur hulle vlytigheid op landbougebied het hulle daarin geslaag om hulle uiterlike omstandighede aansienlik te verbeter.[4] Jaar na jaar het die bevolking ook aangegroei en aan die einde van 1835 het dit op 680 siele te staan gekom.[5]

Enon. Die aanleg van hierdie sendingstasie in die distrik van Uitenhage het grootliks deur die toedoen van biskop Latrobe ontstaan. Nadat hy tydens sy besoek aan Genadendal deur 'n naturelle-dopeling, Wilhelmina, versoek is om sendelinge na die Gaikas te stuur, het hy 'n reis na die binneland onderneem en 'n plek langs die Witterivier op die oosgrens van die Kaapkolonie gevind wat volgens hom aan al die vereistes van 'n sendingstasie voldoen het.[6] Die eintlike stigting en aanleg van die stasie is egter aan die nuwe superintendent, eerw. Hallbeck, wat vir die doel 'n groep sendingarbeiders met hom saamgebring het, opgedra.[7]

---

1. Latrobe: Journal of a visit to South Africa in 1815 and 1816, 45.
2. Ibid., 317.
3. Periodical accounts, 1795-1834, 121.
4. Ibid., 123.
5. Ibid., 124.
6. Missions in South Africa, 174-175.
7. Periodical Accounts, 1795-1834, 120.

Ten einde uitvoering aan die gedagte van Latrobe te verleen, het eerw. J.H. Schmitt en sy gade saam met drie ander sendelinge (J.G. Schulz, J.F. Hoffman, J.G. Hornig) en die weduwee Kohrhammer op 1 Maart 1818 per ossewa na die oosgrens vertrek. Die lang en vermoeiende reis is ook deur Wilhelmina en verskeie Hottentotte van Genadendal en Groenekloof meegemaak.[1)]

Nadat hulle Uitenhage op 1 April bereik het, het hulle twee dae later op advies van landdros J.G. Cuyler die plaas Scheepersvlakte aan die Witterivier van 'n sekere mnr. ? Scheepers (Scheper) gekoop.[2)] Daar die grootste gedeelte van hierdie eiendom met kreupelhout oordek was, het dit 'n ideale wegkruipplek vir vernielsugtige en ander roofdiere asook vyandige Naturelle gebied. Ondanks alle bedreigings en gruweldade wat die vorige eienaar van die woeste barbare moes verduur, kon niks die sendelinge stuit om hier 'n sendingstasie aan te lê nie. Nadat tydelike hutte naby die verwoeste opstal langs die Witterivier opgeslaan is, het die sendelinge daartoe oorgegaan om met die hout wat hulle in die naburige bosse gekap en met behulp van 'n Hottentot-vakleerling verwerk het, die eerste huis van die sendingstasie op te rig. Vervolgens is 'n watermeul wat gedurende die droë seisoen met die hand en tydens die reënseisoen met water vanuit die rivier gedryf is, opgerig. Onder toesig van die leraars is ook tuine aangelê en die omliggende velde met koring besaai. Alhoewel die tuine en gesaaides dikwels deur periodieke droogtes vernietig is, het die eertydse, ruigbegroeide streek andersyds volop koring, groente, en sitrusvrugte opgelewer.[3)]

Binne ses maande het die bevolking van die nuwe stasie wat met 13 lidmate begin is, tot 114 siele aangegroei. Hierdie skielike toename was veral te wyte aan 35 Hottentotte wat van

---

1. Periodical Accounts, 1795-1834, 120.
2. De Bode, 16 September 1910, 73: Sien artikel, Enon, deur R. Schmidt.
3. Missions in South Africa, 176-179.

Genadendal hierheen verhuis het.[1]

Gedurende die Vyfde Kafferoorlog van 1819 is hierdie sendingstasie totaal vernietig. Nadat die invallers alle beeste wat aan die neersetting behoort het, buitgemaak en nege van die wagters om die lewe gebring het, het die sendelinge die stasie met sowat 150 Hottentotte verlaat en skuiling in Uitenhage gaan soek.[2] Toe Slambie se ontsettende oormag 'n paar maande later deur 'n sterk kommando gestuit en sy impi's oor die Kei verjaag is, is die gebied tussen die Vis- en Keiskammariviere van Kaffers gesuiwer.[3] Dit het die Broeders andermaal instaatgestel om hulle werksaamhede te hervat, maar vanweë die skade en brandstigting wat deur die barbare aangerig is, het hulle besluit om 'n nuwe neersetting aan te lê.

Onder die inspirerende leiding van eerw. Hallbeck is toe in aller haas met die aanleg van die huidige Enon in Oktober 1819 begin.[4] Nadat daar aan die begin van 1820 'n woonhuis vir die plaaslike leraar en teen die helfte van 1821 'n kerkgebou verrys het, is daar met verloop van tyd soveel huise vir die inwoners opgerig dat die nuwe stasie weldra die vorm van 'n klein, skilderagtige dorpie aangeneem het. Behalwe hierdie en ander fasiliteite soos die oprigting van 'n smids- en skrynwerkerswinkel om die tydelike welvaart van die ingesetenes te bevorder, is daar ook onmiddellik met die aanlê van tuine en die aanplanting van vrugtebome 'n begin gemaak.[5] Toe daar later twee opgaardamme in die bedding van die Witterivier opgerig is, het hierdie vertakking van die bedryfslewe 'n goeie stoot vooruitgekry. Die vloedwaters wat op hierdie wyse vergaar is, is dan vir gereelde besproeiing van die tuine en die drywing van die pasopgerigte watermeul aangewend. Ondanks al hierdie verbeterings is die Enonners nog steeds deur periodieke droogtes en verwoestende oorstromings geteister.[6]

---

1. Missions in South Africa, 176-179, 180.
2. Periodical Accounts, 1795-1834, 121.
3. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 173.
4. Müller: 200 Jahre Brüdermission, Deel 1, 189.
5. De Bode, 4 Nov. 1910, 85: Sien artikels, Enon, deur R. Schmid
6. De Bode, 2 Des.1910,94: Sien artikel, Enon, deur R. Schmidt.

Daar veeboerdery veel meer betalend as enige ander bedryf was, het eerw. Hallbeck die Kaapse regering versoek om die sendingstasie te vergroot.[1] Ten einde die weiding-probleem die hoof te bied, is dan nog drie plase t.w. Enon, Witrivier (Witterivier) of Latrobesthal en Samdee aan die Morawiese Broederkerk geskenk en so het die totale oppervlakte van hierdie stasie op 11,981 morg te staan gekom.[2]

Tydens die Sesde Kafferoorlog van 1835 is Enon weereens bedreig, maar hierdie keer het die barbare die stasie geen skade berokken nie. Na die vyandelikhede beëindig is, het die sendelinge en hulle verstrooide kudde vanaf Uitenhage teruggekeer en binne enkele maande het alles weer sy normale gang gegaan. Teen die einde van 1835 het die bevolking reeds 439 siele getel.[3]

Daar die oorspronklike plan om Naturelle te Enon te bearbei nooit 'n sukses was nie, is die Morawiese Broeders versoek om 'n nuwe sendingstasie onder die Tamboekies aan die Klipplaatzrivier te begin. Nadat die gebied van Bowana, opperhoof van die Tamboekies, deur eerww. Hallbeck en J. Fritz verken en die onderneming deur die Direkteure te Herrnhut goedgekeur is, het eerww. J.F. Lemmertz en J.F. Hoffman na hulle nuwe werkkring vertrek. In April 1828 het hulle die Tamboekiegebied bereik en, nadat hulle met Bowana onderhandel het, het hulle die sendingstasie wat in 1831 tot Silo herdoop is, langs die Klipplaatzrivier aangelê.[4]

Clarkson. Hierdie sendingstasie wat die laaste van 'n hele reeks skenkings aan die Morawiese Broeders was, is wes van die huidige Humansdorp in die Tsitsikama geleë. Hierdie gebied was vroeër 'n deel van die reservaat rondom Fort Peddie wat sir Benjamin D'Urban aan die lojale Fingoes in 1835 toegeken het.[5]

1. De Bode, 23 Des. 1910, 97: Sien artikel, Enon, deur R. Schmidt.
2. Report of Coloured Mission Stations, Reserves and Settlements, Inter-Departmental Committee of Inquiry, 73.
3. Periodical Accounts, 1795-1834, 124.
4. Missions in South Africa, 220-234.
5. Walker: A History of South Africa, 193.

Op uitnodiging van sir George Napier is die Broeders te Genadendal versoek om iewers onder die Fingoes 'n sendingstasie aan te lê.[1] In 1818 is eerww. C.L. Teutsch en J.A. Halter versoek om die gebied te gaan verken en 'n geskikte oord vir 'n sendingstasie aan te wys. Op versoek van Napier is hierdie stasie later na die beroemde Clarkson wat hom saam met Wilberforce vir die vrywording van die slawe beywer het, vernoem.[2]

Eerw. Halter en A. Küster wat as die eerste sendelinge onder die Fingoes beroep is, het op 14 Februarie 1839 met hulle werksaamhede in Clarkson begin. Toe eerw. Hallbeck die sendingstasie op 22 September besoek het, het die totale bevolking 110 siele getel waarvan 41 Fingoes, 44 vrygestelde slawe en 25 Kleurlinge was.[3] Naas die twee huise wat vir die sendelinge opgerig is, het die hele neersetting slegs uit 10 Fingo-strooihuisies en 7 hartbeeshuisies van die Kleurlinge en vrygestelde slawe, bestaan.[4] As gevolg van 'n waterleiding wat deur een van die leraars vanuit een van die klowe aangelê is, was die inwoners ook instaat om die eerste tuine binne 'n jaar aan te lê.[5]

Ten gevolge van 'n aansoek van 5 kapteins en 40 Fingoes om hulle saam met sowat 200 onderdane op die sendingstasie te kom vestig, het eerw. Hallbeck die Kaapse regering genader om meer grond aan die neersetting toe te sê. Daar hierdie versoek nie op dowe ore geval het nie, het Clarkson sedert die tyd met rasse skrede vooruitgegaan.[6]

(c) Eiendomstasies. Hierdie soort stasies waarvan Elim die eerste was, bestaan uit grond wat deur die Morawiese Broederkerk self gekoop en waarvan hulle dientengevolge die un-

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 379.
2. Die Huisvriend, 10 Maart 1929, 39: Sien artikel, Clarkson in die Tzitzikama, van R. Schmidt.
3. Die Huisvriend, 25 Julie 1948, 118: Sien artikel, Clarkson in die Tzitzikama, van R. Schmidt.
4. Die Huisvriend, 10 Maart 1929, 40: Sien artikel, Clarkson in die Tzitzikama, van R. Schmidt.
5. Ibid., 40.
6. Die Huisvriend, 25 Julie 1948, 118: Sien artikel, Clarkson in die Tzitzikama, van Rl Schmidt.

bestrettene Eigentümer der Stationsgrundstücke ist".[1]

Elim. Hierdie sendingstasie wat aan die Nuwejaarsrivier naby Kaap Agulhas geleë is, was vroeër die eiendom van 'n sekere Johannes van Schönke.. Op 12 Mei 1824 is Vogelstruiskraal, die mooi waterryke plaas van sowat 3000 morg groot van bovermelde eienaar teen die fabelagtige prys van £400 deur die Sending-direksie aangekoop.[2]

Hierdie vrugbare plaas met sy ruim woonhuis, buitegeboue en 'n vrugteboord het in baie opsigte die aanleg van die nuwe sendingstasie vergemaklik.[3] So het eerww. J.G. Bonatz en C. Thomson dan ook na hulle aankoms op 31 Julie 1824 alle moontlike geriewe benut en onmiddellik met die aanlê van tuine en landerye begin. Hier benewens het hulle ook heelwat tyd aan die opstelling van regulasies en die beplanning van die nuwe sendingstasie bestee.[4]

Toe sommige Hottentotte van Genadendal en die omgewing van hierdie nuwe sendingstasie verneem, het baie daarheen gestroom en verlof van die sendelinge ontvang om hulle daar te vestig. In April 1825 is dan die eerste persele vir die oprigting van woonhuise uitgereik en teen die einde van die jaar het daar reeds 8 wonings aan die begin van Kerkstraat gestaan. Gedurende 1826 is nog 'n woonhuis vir een van die leraars asook 'n buitegebou met twee vertrekke waarvan een as pakkamer en die ander as skool moes dien, opgerig.[5]

In November 1831 is Vogelstruiskraal of Elim, soos dit vanaf 12 Mei 1825 bekend gestaan het, aansienlik vergroot deur die aankoop van Platterug, die plaas van 'n sekere Samson Dyer. Daar die sendingstasie hierdeur met 'n verdere 3000 morg uitstekende weiveld en saailande vergroot is, het die sendelinge hulle ook op skaapboerdery begin toelê.[6]

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 368.
2. Winckler: Elim, 1824-1924, 3-4.
3. Ibid., 4.
4. Ibid., 5.
5. Ibid.
6. Ibid., 6.

Vanweë die tydelike voorspoed wat die eerste neersetters van hierdie stasie beleef het, het die aantal inwoners fluks toegeneem en aan die einde van 1835 op 382 siele te staan gekom.[1]

Vanaf 1834 het die sendelinge te Elim ook die Hottentotte van Houtkloof, 'n gebied tussen Genadendal en Elim, begin bearbei. Met die oog op die uitbouing en bevordering van die geestelike belange van die ingesetenes van hierdie buitestasie, is daar 'n klein geboutjie wat as kerk en tuiste vir die besoekende sendeling kon dien, opgerig.[2]

(d) Vrystasies. Hierdie groep stasies wat veral op die platteland aangelê is en geen geslote grense het nie, word veral op plekke aangetref wat „entweder gekauft oder von dem Eigentümer abgetreten oder auch zeitweilig zur Benutzung überlassen"[3] is. Op dergelike neersettings waarvan Hemel-en-Aarde die eerste was, woon die gemeentelede in die reël op hulle eie of gehuurde grond in 'n kring om die sendingstasie heen.

Hemel-en-Aarde. Hierdie vrystasie is in 1817 kragtens 'n besluit van die Kaapse regering vir gekleurde melaatses in die nabyheid van die huidige Hermanus, afgesonder.[4] In 'n hospitaal wat vir die doel opgerig is, is sowat 100 pasiënte verpleeg wat die regering ongeveer £1300 jaarliks gekos het.[5]

Sedert die ontstaan van die gesondheidsoord is die melaatses van tyd tot tyd deur eerw. J. Fritsch van Genadendal, bearbei. Vanweë die ywer en buitengewone belangstelling wat die Broeders in die lot van die ongelukkige krankes gestel het, is die geestelike bearbeiding van die pasiënte en die algemene bestuur van die hospitaal op versoek van lord Charles Somerset aan die Morawiese sending oorgedra.[6] Op 21 Januarie 1823 is mnr. ? Parker, die destydse opsiener van die hospitaal dan

1. Periodical Accounts, 1795-1834, 124.
2. Ibid., 123.
3. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 368.
4. Theal: History of South Africa, 1795-1834, Deel 3, 222.
5. Ibid.
6. Periodical Accounts, 1795-1834, 121.

deur eerw. P. Leitner en sy gade vervang.[1]

Toe die Instituut vir Melaatses deur die Morawiërs oorgeneem is, het dit geblyk dat van algehele afsondering van besmette pasiënte hier geen sprake was nie, want „het werd toenmaals aan de kranken gepermitteerd hunne familie by zich te houden, ook als zijn gezond waren".[2] Gevolglik was verreweg die meeste mans, vroue en kinders wat omtrent 150 siele getel het, met die gevreesde siekte besmet.

Alhoewel lewensmiddele deur 'n sekere mnr. ? Maree wat 2½ uur van die stasie op 'n plaas woonagtig was, verskaf is, het die verdeling en uitreiking daarvan ontsettend veel werk aan eerw. Leitner en sy gade verskaf. So is daagliks behalwe Sondae, 24 skape geslag, en rantsoene aan vleis, meel, tee, suiker en seep volgens gewigte, aan die ingesetenes uitgereik.[3] Voorts moes die opdragte van dr. J. Barry, koloniale mediese inspekteur, ook met groot sorg uitgevoer word en in hierdie verband moes pasiënte verpleeg, ernstige gevalle afgesonder, strenge dieet gehandhaaf en toesig oor die eetplekke gehou word.[4]

Om te verhoed dat diegene wat kon werk op die Melaatse instituut sou teer, is stukke tuingrond aan alle pasiënte uitgereik. Bowendien was daar ook 'n stuk grond wat gedeeltelik herstelde s, indien hulle liggaamskragte dit toegelaat het, moes bewerk. Hierdie tuine is deur middel van 'n drinkwatersloot wat uit die Attaqua-kloof aangelê is, besproei. Benewens hierdie tuine en 'n vrugteboord noord van die opstal., is die algemene skoonheid van die omgewing deur die aanplanting van eike en populiere aansienlik verhoog.[5]

Vanaf 1823 is die organisasie en beheer van die Instituut heelwat verander. In dieselfde jaar het dr. Barry beveel dat alle gesonde persone Hemel-en-Aarde moes verlaat.

---

1. Schmidt: Hemel-en-Aarde, 3.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Theal: Records of the Cape Colony, 1823-1824, 70.
5. Schmidt: t.a.p., 3.

'n Soortgelyke bevel van die Regering het voorts bepaal dat alle gesonde kinders van 2 tot 15 jaar na Genadendal moes gestuur word. Op hierdie wyse is dan 27 kinders na die hoofstasie oorgeplaas, terwyl andere wat gesond verklaar is, die reg van verdere inwoning ontsê is.[1]

Alhoewel dr. Barry graag die Instituut na Simonstad wou oorplaas, het die goewerneur tydens sy besoek in 1827, die Broeders die versekering gegee dat die hospitaal nie verskuif sou word nie, maar dat hy dit liefs in 'n soort gevangenis wou omskep ten einde „de twee sexen uitmalkander te houden om zoo de voortplanting tegen te gaan". Daar hierdie wens van die goewerneur nooit verwesenlik is nie, het familiebetrekkings nog steeds kort besoeke kom aflê en gevolglik kon voortplanting glad nie verhoed word nie.[2]

Nieteenstaande alle simpatieke versorging wat die melaatses ontvang het, het baie uit die Instituut ontsnap omdat hulle nie so lank op een plek wou bly nie. Baie van die ontsnaptes het meestal self teruggekeer, maar ander het eenvoudig weens swakheid in die veld omgekom. Dikwels het die weglopers ook hulle rantsoene by die naburige koloniste vir melk, botter en drank verruil. In geval van sulke oortredings het die sendelinge gewoonlik vermanend of bestraffend opgetree. Ernstige misstappe is aan die magistraat gerapporteer wat hulle 'n paar dae tronkstraf opgelê of een of ander vorm van rantsoen ontsê het.[3]

As gevolg van al die teëhede en veelvuldige werksaamhede het die kragte van eerw. Leitner begin wegkwyn. Na sy skielike oorlye in 1829 is hy deur eerw. J. Tietze opgevolg wat die werk van sy voorganger met toegewydheid en krag tot 1838 voortgesit het.[4]

---

1. Schmidt: Hemel-en-Aarde, 6.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid., 10;
   Periodical Accounts, 1795-1834, 121.

2. <u>Vooruitgang op godsdienstige en morele gebied</u>.

(a) Aan die begin van die neëntiende eeu het daar slegs een Christelike gemeente van die Morawiese Broederkerk te Genadendal bestaan. As gevolg van die geleidelike toestroming van Hottentotte en Naturelle tot hierdie stasie, was die Direkteure te Herrnhut, ondanks beperkte finansiële bronne, verplig om nuwe stasies aan te lê. Danksy die skenkings aan grond en simpatieke ondersteuning van die Britse regering wat voortdurend die belange van die kleurlingrasse op hul hart gedra het, was die Morawiese Broederkerk instaat om binne 'n periode van 34 jaar op nie minder as 6 plekke (een waarvan hulle self gekoop het) nuwe sendingstasies aan te lê nie. Hierdie doelbewuste uitbreiding is veral deur die takvolle optrede van biskop Latrobe en die ywerige superintendent Hallbeck bevorder en deur hulle toedoen het 'n groot aantal werkers en werksters[1] die geledere van die eerste pioniere versterk.

Weens die gunstige omstandighede en baie fasiliteite soos plaas- en ander buitegeboue wat op stasies soos Groenekloof, Elim en Hemel-en-Aarde aangetref is, kon die werk van evangelisasie en opheffing van die kleurlingrasse sonder onmiddellike uitgawes en veel moeite aangepak word. In eersgenoemde gevalle het die voorkamers van die sendinghuise[2] as plekke van aanbidding gedien, terwyl in laasgenoemde geval waar die toestande ietwat anders was, dienste aanvanklik in die skaduwee agter die woonhuis van die sendeling gehou is totdat 'n „huis van palen en riet"[3] op 24 Desember 1824 ingewy is. In Enon of Scheeperskraal soos dit vroeër bekend gestaan het, is dienste aanvanklik ook in die opelug gehou tot tyd en wyl „een pondok zo ver in orde gebracht"[4] was dat hulle vanaf 10 Mei 1818 daarin

---

1. Vanaf die begin van die sending in S.A. tot op 31 Des. 1835 was daar 36 Broeders en 36 Susters, insluitende Georg Schmidt, Dr. en Suster Lees, werksaam, waarvan 15 oorlede is, 13 na Europa teruggekeer en 44 nog in die tuig gestaan het. Sien Periodical Accounts, 1795-1834, 125.
2. Campbell: Travels in South Africa, 431; Winckler: Elim, 1824-1924, 7.
3. Schmidt: Hemel-en-Aarde, 5.
4. De Bode, 16 September 1910, 73; Sien artikel, Enon, deur R. Schmidt.

kon aanbid. Soortgelyke hartbeeshuise het ook as tydelike godshuise in Silo en Clarkson gedien.[1)]

Daar die groeiende aantal lidmate die bestaande lokale in sommige gemeentes allerweë ontgroei het, was die Morawiese Sending verplig om net soos in die geval van Genadendal, kerkgeboue vir sulke gemeentes op te rig. Op hierdie wyse het dan sedertdien stewige en sierlike kerke in Groenekloof (1818)[2)], Enon(1821)[3)], Hemel-en-Aarde (1828)[4)] en Elim (1835) verrys.[5)] In hierdie verband dien daarop gewys te word dat die kerkgeboue van Genadendal en Groenekloof wat teen hoë koste deur messelaars vanuit Kaapstad voltooi is, nie aangaande sterkte, sierlikheid en netheid van afwerking met dié wat met behulp van gekleurde ambagslui in Elim opgerig is, vergelyk kan word nie.[6)]

Ondanks die tyd wat verloop het alvorens doeltreffende kerkgeboue daar gestel kon word, is die evangelie sedert die ontstaan van elke sendingstasie met krag aan die heidene sowel as gedoopte lidmate verkondig.[7)] Naas die verkondiging van Gods Woord het die sendelinge besonder veel waarde aan huisbesoek geheg omdat hulle daardeur instaat was om die heidene deur middel van persoonlike gesprekke tot bekering te dwing.[8)]

Behalwe die gewone dienste op Sondae het die hele gemeente ook elke aand om agtuur in die kerk of vergaderplek vir 'n aanddiens, byeengekom.[9)]

Daagliks is ook gereelde byeenkomste vir die een of ander afdeling van die gemeente gereël wanneer onderrig in die christelike leer aan hulle verskaf is. Almal wat hulle dus vir die eerste maal vir godsdiensonderrig aangemeld het, het as nuwe-

---

1. Missions in South Africa, 235;
   De Bode, 25 Julie 1948,118: Sien artikel, Clarkson in die Zitzikama, deur R. Schmidt.
2. Almanak v.d. Morawiese Broederkerk, 1950.
3. Periodical Accounts, 1795-1834, 121.
4. Schmidt: Hemel-en-Aarde, 5.
5. Periodical Accounts, 1795-1834, 123.
6. Ibid.
7. Latrobe: Journal of a visit to S.A., 72.
8. Ibid.
9. Ibid., 66.

linge (new people) bekend gestaan. Aan dusdaniges is spesiale aandag bestee en, indien hulle dan deur hul latere gedrag blyke van ernstige begeertes getoon het om as lidmate van die christelike kerk gedoop te word, is hulle as doopkandidate beskou. Hierdie doopkandidate het ook verdere onderrig en genoegsame geleentheid vir selfondersoek ontvang alvorens hulle gedoop is. Om die sakrament van die heilige avondmaal te kan gebruik, is hulle as avondmaalkandidate toegelaat om so 'n avondmaalsdiens slegs as toeskouers by te woon. Eers nadat hulle met die hele prosedure vertroud was, kon hulle as avondmaalgangers aan die tafel van die Here aansit.[1)]

Benewens hierdie godsdienstige onderrig is daar ook van tyd tot tyd byeenkomste vir kinders, ongetroude mans en vroue, getroude mans en vroue, wewenaars en weduwees gehou by welke geleenthede vermanings en voorskrifte vir elke stadium van die lewe uit die Heilige Skrif by hulle tuisgebring is. Elke lid van die gemeente moes hierdie vergaderings wat op gesette tye gehou is, stiptelik bywoon. By sulke geleenthede is die mans deur die sendeling en die vrouens deur die gade van die leraar toegespreek om aan almal die geleentheid te bied om vrae te vra en spesiale raad te ontvang.[2)]

Vanuit die geledere van die mees beproefdes, d.w.s. onder beide geslagte, is dikwels in geval van groot gemeentes, assistente aangestel om siekes te besoek, verslae i.v.m. hulle besoeke by die leraar in te dien en orde te help handhaaf. Andere is weer as kerkdienaars (chapel servants) wat volgens beurte moes optree, aangestel.[3)]

Al hierdie veelvuldige bedrywighede het meegebring dat die sendelinge en hulle gades selde vrytyd tot hulle beskikking gehad het. Ondanks alle tydige en ontydige besoeke van soekende siele, het hulle tog daarin geslaag om hulle vingers op die polsslag van elke gemeentelid te hou en sodoende die

1. Latrobe: Journal of a Visit to S.A., 72.
2. Ibid.
3. Ibid.

uitbreiding van Gods kerk op aarde te bevorder. Alhoewel die begin in sommige gemeentes aanvanklik besonder klein was, het die aantal siele ondanks epidemies, droogtes, oorstromings en aanvalle tydens Kafferoorloë wat hulle totaal geruïneer het, langsaam toegeneem. Newegaande tabelle bewaarheid dus bovermelde stelling.

Tabel A:

Groei vanaf 1737 tot 31 Desember 1835.

| Naam van gemeente. | Gedoopte Volwassenes | Gedoopte Kinders. | Siele tot die gemeente toegelaat. | Avondmaalgangers. |
|---|---|---|---|---|
| Genadendal | 1450 | 1519 | 456 | 1219 |
| Groenekloof | 425 | 518 | 92 | 392 |
| Enon | 255 | 267 | 50 | 180 |
| Hemel-en-Aarde | 190 | 27 | 3 | 74 |
| Elim | 121 | 121 | 11 | 79 |
| Silo | 34 | 34 | 7 | 18 |
| Totaal. | 2475 | 2486 | 619 | 1962 |

Tabel B.

Aantal inwoners vir die verskillende stasies op 31 Des. 1835.

| Naam van gemeente. | Avondmaalgangers. | Gedooptes | Heidene | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| Genadendal | 627 | 609 | 170 | 1406 |
| Groenekloof | 229 | 331 | 120 | 680 |
| Enon | 127 | 224 | 88 | 439 |
| Hemel-en-Aarde | 35 | 27 | 27 | 89 |
| Elim | 77 | 164 | 141 | 382 |
| Silo | 37 | 61 | 380 | 478 |
| Totaal | 1132 | 1416 | 926 | 3474 |

(b) Ook op morele gebied het Hottentotte sowel as die[1] Naturelle groot verandering ondergaan. Onder eersgenoemdes het die stamtradisie heeltemal verdwyn en, alhoewel daar nog altyd diegene was wat as kapteins (chiefs) bekend gestaan het, kon hulle in werklikheid geen mag oor hulle volgelinge uitoefen nie.[2] Laasgenoemdes daarenteë het nog met alle mag aan die stamtradisies vasgekleef en, alhoewel hulle baie versnipperd vanweë vervolging was, moes nog deeglik met stamhoofde rekening

1. Periodical Accounts 1795-1834, 124.
2. Theal: Progress of South Africa in the Century, 17.

gehou word.

Sonder om hulle met die politieke geskille van die land in te meng, het die sendelinge deur toewyding en selfopoffering daarin geslaag om hulle volgelinge deur daad en voorbeeld te leer om „honest, industrious, God-fearing lives"[1] te lei. Reinheid en soberheid is ook as die mees noodsaaklike Christelike deugde by hulle tuisgebring. Vanweë die streng toesig waaronder die ingesetenes van dag tot dag verkeer het, het die sendelinge dan nie alleen daarin geslaag om meer hardwerkendheid, soberheid, ordelikheid en reinheid by hulle lidmate aan te kweek nie, maar ook verhoed dat hulle aan oproerige bewegings deelgeneem het.[2] Selfs waar sommiges in die leër diens gedoen het, is die sendelinge berig dat hulle lidmate nie alleen gehoorsaam was nie, maar dat hulle gedrag ook 'n voorbeeld vir andere in die regiment was.[3]

Daar alle Morawiese Broeders een of ander meganiese of landboukundige beroep uitgeoefen het, is al hulle kennis in die verband tot voordeel van hulle volgelinge aangewend. Deur middel van hierdie beroepe wat hulle aan die Hottentotte sowel as die Naturelle geleer het, het hulle daarin geslaag om goeie vakleerlinge van hulle te maak wat volop werk op die naburige boerplase gevind het. Nieteenstaande dit het die sendelinge tog gemerk dat die Hottentotte weens hulle onkunde omtrent die waarde van geld asook hulle gewoontelike nalatigheid en onverskilligheid, dikwels ooreenkomste met die boere aangegaan het wat nie as genoegsame vergoeding vir hulle arbeid gedien het nie. Andersyds was hulle ook bereid om artikels met geen wesentlike waarde, maar wat wel teen 'n hoë prys van die hand gesit is in ruil vir dienste gelewer, te ontvang. As gevolg hiervan het die sendelinge te Genadendal besluit om 'n eie magasyn in die lewe te roep waaruit hulle dan klerasie en ander beno-

---

1. Theal: Progress of South Africa in the Century, 159.
2. Ibid.
3. Schmidt: Extracts of the Diary of Genadendal and periodical accounts, 27.

digdhede by die klein maat teen redelike pryse aan hulle gemeentelede verkoop het. Voorts het hulle ook by die Hottentotte aangedring om liewers lone in die vorm van geld of koring van hulle base te eis. Ten einde hulle ook van die versoeking om wyn en brandewyn van die boere te ontvang, te vrywaar, het die sendelinge self ŉ wingerd in Genadendal aangelê en ŉ beter gehalte wyn vervaardig wat aan arbeiders tydens werkure verskaf of met feestelike geleenthede in redelike hoeveelhede verkoop is.[1]

Alhoewel hierdie beleid van die sendelinge met jaloesie en verkeerde bedenkings deur belanghebbende boere bejeën en tewens ook deur skrywers soos Theal en Moodie as ŉ stelsel van onmondigheid[2] bestempel is, het die Broeders daarin geslaag om ŉ positiewe bydrae tot die opheffing van hierdie ongelukkige gekleurdes by te dra.

Ook wat die Naturelle, meer bepaald die Tamboekies, betref, het die arbeidsaamheid van die leraars en die sukses op hul werk so prikkelend gewerk dat hierdie eertyds onwillige barbare hul primitiewe landboumetodes verwerp en hul landerye behoorlik bewerk het. Die voorligting soos deur die sendeling verstrek, het dus daartoe bygedra om van hulle beter boere te maak.

Vanweë hierdie kentering het die Naturelle langsamerhand, ook soos in die geval van die Hottentotte, hulle veragterlike krale deur kliphuise vervang en die Europese kleredrag bo hulle skamele kledingstukke verkies.[3] Ook wat die innerlike betref, was daar merkbare vooruitgang en met verloop van tyd is die aaklige gewoonte van bygeloof deur die lig van die evangelie vervang.[4]

Ondanks alle kritiek het die Morawiërs steeds daarna ge-

---

1. Theal: Records of the Cape Colony, Dec. 1827-April 1831,33
2. Theal: History of South Africa, 1795-1834, Deel 3, 142; Moodie: Ten Years in South Africa, Deel 1, 80.
3. Carlyle: South Africa and its Mission Fields, 117.
4. Ibid.

streef om goeie orde op hulle sendingstasies te handhaaf. In hierdie verband het die ingesetenes geen onbelangrike rol gespeel nie. Daar die geestelike bearbeiding en onderrig soveel tyd van die sendelinge in beslag geneem het, is die handhawing van orde aan opsigters (overseers) opgedra. Hierdie opsigters het in medewerking met ouer lede van die gemeenskappe teen alle oortredings van die reglemente van die sendingstasies opgetree en straf wat meestal uit 'n paar houe met 'n kweperlat bestaan het, toegedien. In geval sulke oortreders herhaaldelik en doelbewus die raad en teregwysings van die sendelinge verontagsaam het, is hulle besittings of oeste verkoop en is hulle van die sendingstasies af verdryf. Vergoeding vir enige skade aan huise of tuine verrig, het gewoonli op waardasie berus en in geval 'n redenasie oor so 'n beslissing ontstaan het, is die hele voorval na die leraars verwys wat selde 'n onbevredigende beslissing gevel het.[1]

Nieteenstaande alle vooruitgang op hierdie gebied, het die sendelinge ook met veel euwels te kampe gehad wat hulle dikwels baie hoofbrekings besorg het. Volgens die mededelings van sendelinge te Silo het daar gedurende hierdie periode nog dikwels gevalle van veelwywery, bygeloof,[2] dronkenskap en bittere onenigheid tussen Hottentotte, Tamboekies en Fingoes voorgekom.[3] Op Genadendal, Elim, Groenekloof en ander stasies was drankmisbruik en herhaaldelike afwesigheid weer die wortel van alle kwaad wat tot verleiding en die aanleer van slegte gewoontes aanleiding gegee het.

3. Onderwysbeleid van die Kaapse Owerhede.

Na die finale oorgawe van die Kaap aan Engeland is die belowende vooruitsigte vir die ontwikkeling van 'n eie nasionale onderwysstelsel 'n genadeslag toegedien. Vanuit die staanspoor is daar wel aandag aan die onderwys geskenk, maar onder die bestuur van sir John Cradock het dit heeltemal duidelik geword

---

1. Theal: Records of the Cape Colony, Dec. 1827-April 1831,331.
2. Missions in South Africa, 281.
3. Carlyle: South Africa and its Mission Fields, 118.

dat die nuwe regeerder 'n beleid van verengelsing vir sy nuwe gebied beoog het. Hierdie beleid is later tydens die bewind van lord Charles Somerset openlik en stelselmatig deurgevoer.[1]

Alhoewel daar aanvanklik nie aan die bestaande opvoedkundige instellings van die koloniste getorring is nie, was Cradock die eerste Britse goewerneur wat ernstige aandag aan die onderwys van blankes sowel as gekleurdes geskenk het. In 1811 het hy dan aan die hoofregter van die Rondgaande Hof opdrag gegee om tydens sy reis deur die Kaapkolonie die onderwystoestande te ondersoek en verslag te doen.[2] Uit hierdie eerste offisiële verslag blyk dit dat die onderwys in die binnelande „excepting that provided for the Hottentots by missionaries"[3] veel te wense oorgelaat het. Ten einde die onderwysaangeleenthede enigsins te verbeter en die beginsel van samewerking met die kerk te herstel, het hy dan in samewerking met die destydse onderwysliggaam sy bekende „Koster Scholen" in die lewe geroep.[4] Daar die Skoolkommissie wat namens die owerhede gesag oor hierdie skole gevoer het met 'n bykomstige funksie van Bybelverspreiding belaai is, het hierdie beherende liggaam sedert 1813 die naam van Bybel- en Skoolkommissie gekry.[5]

Net soos in die geval van ander denominasies, is hierdie onderwysliggaam ook deur die Morawiese Broeders hartlik verwelkom en, nadat die aard daarvan aan hulle gemeentes te Genadendal en Groenekloof verduidelik is, is kollektes ter bevordering van die onderwys ingesamel waartoe die Hottentotte self bokant hulle vermoëns bygedra het.[6]

Ondanks alle gebreke wat hierdie skoolstelsel gekenmerk het, het dit steeds daarna gestreef om die onderwysaangeleenthede van die Kaapkolonie te bevorder. In hierdie verband het hulle dan in 1813 besluit om die Britse monitorstelsel van Bell

---

1. Van den Heever & De V. Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2, 309.
2. Malherbe: Education in South Africa, 1652-1922, 60.
3. Cory: The Rise of South Africa, Deel 1, 280.
4. Malherbe: t.a.p., 61.
5. Ibid.
6. Holmes: Historical Sketches of the Mission of the United Brethren, 424.

en Lancaster hier in te voer. Nadat die metode met sukses in die vry skool te Kaapstad toegepas is, het die Skoolkommissie eerw. Robert Jones na die binneland afgevaardig om daar die nuwe skoolstelsel te gaan propageer. Toe hy in September 1813 die skole in die distrik van Swellendam besoek het, moes hy tot sy verbasing ontdek dat die Morawiërs te Genadendal die Bybel- en Skoolkommissie in hierdie opsig reeds vooruit was. Ter verduideliking hiervan moet gemeld word dat die Broeders gedurende April van die vorige jaar 'n eksemplaar van „The British System of Education" van Joseph Lancaster self ontvang het en, ooreenkomstig die metode daarin uiteengesit, toe alreeds daarmee 'n begin gemaak het.[1)] Omdat alle onderrig tot dusver nog in die kerkgebou plaasgevind het en geen skoolgebou binne afsienbare tyd kon opgerig word nie, het eerw. Jones uit dankbare erkentlikheid 'n subskripsielys geopen en soveel bydraes gekollekteer dat die leraars instaat was om daarmee 'n doeltreffende skoolgebou in 1814 op te rig.[2)]

Ten spyte van alle vooruitgang op onderwysgebied, het lord Charles Somerset, in teenstelling met sy voorganger, doelbewus daartoe oorgegaan om die Kaapkolonie totaal te verengels. Benewens die verontagsaming van die Bybel- en Skoolkommissie, het hy ook die ou, bestaande skoolstelsel ondermyn deur vry staatskole op te rig waarvan hy die leerkragte self betaal en aangestel het. In 1822 het die goewerneur ook verder bepaal dat alle onderrig in die openbare skole in Engels gegee moes word.[3)] As gevolg van hierdie outokratiese en hardnekkige houding van die goewerneur het die skool 'n vreemde instelling vir die ou inwoners van die land geword wat buitekant die volkslewe gestaan het.

Behalwe die opbloei van allerlei privaatskole, die uitbreiding van nie-blanke onderwys as gevolg van die ywer en be-

1. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, 1937, 351-352.
2. Ibid., 352.
3. Van den Heever en De V. Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2, 310.

langstelling van sendinggenootskappe en die stigting van die Suid-Afrikaanse Atheneum in 1829 waaraan die Hollandse koloniste blykbaar gewillig deelgeneem het om hulle behoefte veral aan gevorderde onderwys in die Hollandse taal, te bevredig, het Somerset se beleid vanuit die staanspoor so vertragend en ontbindend gewerk dat so 'n stelsellose ontwikkeling nie langer geduld kon word nie.[1)]

Ondanks die Regulasies van 1827 en 1834 waardeur die grondslae vir plaaslike skoolkomitees gelê is,[2)] is die karakter van die Bybel- en Skoolkommissie met verloop van tyd so verander dat daar van verskillende kante uit regeringskringe stemme vir 'n doeltreffende organisasie van en beheer oor die onderwys opgegaan het.[3)]

Ten slotte moet daar ook op gewys word dat gedurende hierdie periode ook betreklik min van owerheidsweë gedoen is om die onderwys onder die nie-blankes te bevorder. Weens die gebrek aan plaaslike inisiatief en regeringsteun moes alle fasiliteite i.v.m. die onderwys deur die sendelinge self geskep word en, wanneer hulle eenmaal daar was, moes die onderwys, benewens alle gemeentelike pligte, deur die leraars behartig word.[4)] Ten spyte van al hierdie probleme wat die opheffing van die nieblankes vertraag het, het die Morawiese sendelinge steeds getrag om die wense van die owerhede te gehoorsaam en binne die raamwerk van 'n stelsellose ontwikkeling sulke merkwaardige prestasies op die gebied van volwasse-opvoeding en die opleiding van kwekeling-onderwysers gelewer, dat die intellektuele leiers van die land verbysterd gestaan het.

4. Onderwysfasiliteite aan die Hoofplaas.

Vanaf 1806 tot 1839 het die onderwys van kinders sowel

---

1. Van den Heever & De V. Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2, 310-311.
2. Malherbe: Education in South Africa, 66-67.
3. Van den Heever & De V. Pienaar: t.a.p., 311.
4. Verslag van die Kommissie van Ondersoek in sake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, 1937, 352.

as volwassenes te Genadendal buitengewone vordering gemaak. Alhoewel heelwat pionierswerk in hierdie verband deur stoere baanbrekers verrig is, het die hoofplaas sy huidige beslag gedurende die bestuur van eerw. H.P. Hallbeck, 'n Sweedse teoloog, gekry wat hier vanaf 1817 tot 1840 as bekwame leier en opvoedkundige sy stempel op elke vertakking van die onderwys afgedruk het.[1]

(a) Dagskole. Alhoewel alle onderrig vir kinders sowel as volwassenes nog altyd in die ruim kerkgebou plaasgevind het, het daar langsamerhand die begeerte vir die oprigting van 'n afsonderlike skoolgebou ontstaan. Weens beperkte finansiële bronne kon hierdie gedagte nie binne enkele jare verwesenlik word nie.

Na aanleiding van die besoek van eerw. J. Jones waarna ons vroeër verwys het, is daar deur sy toedoen 'n subskripsie-lys vir „the building of a schoolroom at Genadendal (settlement of Moravian Missionaries) for the purpose of introducing the system of education recommended and practised by dr. Bell and Lancaster".[2] geopen. Vanweë die milde bydraes van eerw. Jones, onder belangstellendes en vriende, asook die Genadendalse leerlinge, is binne enkele maande die totale bedrag van 1809 riksdalers 4 skellings vir hierdie doel ingesamel.[3] Op hierdie wyse was die Broeders dan instaat om op 27 Januarie 1814 die fondamente van die eerste skoolgebou te lê. Alhoewel hierdie gebou (50' by 22') met gratis hout vanuit die regeringsbosse opgerig is, het die totale uitgawe aan materiaal, voedsel en lone op 2236 riksdalers te staan gekom.[4] Ondanks 'n klein bedrag wat toe nog op die skoolgebou verskuldig was, het die plegtige inwyding daarvan op 15 Julie 1814 plaasgevind. Ten einde alle leerlinge 'n kans te gee om hierdie heuglike gebeur-

---

1. Müller: 200 Jahre Brüdermission, Deel 1, 190.
2. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1814, 5.
3. Ibid., 8.
4. Ibid.

tenis ten volle te geniet, het die sendelinge besluit om die eerste skooleksamen op die vorige dag te hou, terwyl die offisiële opening die daaropvolgende dag plaasgevind het.[1)]

Daar die nuwe skoolgebou blykbaar nie groot genoeg was om alle skoolgaande leerlinge te huisves nie, is afsonderlike skole vir meisies en jongetjies gestig waarvan eersgenoemde in die môre en laasgenoemde in die namiddag onderrig ontvang het.[2)] Alhoewel elke skool oor 'n verantwoordelike hoof beskik het, het alle onderrig met behulp van sendelinge wat beurtelings volgens vasgestelde ure onderwys gegee het, geskied.[3)]

Toe Teenstra in 1825 Genadendal besoek het, het die buitengewone goeie uitrusting waaroor die skool beskik het, sy bewondering afgedwing. In hierdie verband verhaal hy dan as volg:

> „Maar ik moest mij ten hoogste verwonderen over de goede inrichting die men in deze school vond; alles was naar de by ons gebruikelijke wijze daargesteld, schuinsche tafels met looden inktpotten in het midden, borden en groote leijen, alsmede kaarten en tabellen aan de muuren, de eersten, om de kleine eerstbeginnenden te leeren lezen, en de laatsten, om de meer gevorderden te onderwijzen".[4)]

Volgens sy medelings was die leerplan uiters beperk en slegs vakke soos lees, spel, reken en skrif het aandag geniet.[5)] Hoewel alle onderrig uitsluitlik deur middel van die „Nederduitsche taal" geskied het, is daar ook in 1838 'n begin met die onderrig van Engels gemaak.[6)] Benewens bovermelde vakke is ook besonder veel aandag aan sang en die aanleer van nuttige handwerk vir meisies gewy. Daar hierdie afdeling van die werk nie deur die mans behartig kon word nie, is „breiden, naaijen, borduren en andere vrouwelijke werkzaamheden" veral deur die vroue onderrig.[7)]

---

1. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 7.
2. Ibid.
3. Moodie: Ten years in Southern Africa, Deel I, 78.
4. Bosman: Teenstra, De vrughten mijner Werkzaamheden, 135.
5. Ibid.
6. Schmidt: t.a.p., 10.
7. Bosman: t.a.p., 136.

Nieteenstaande die geleidelike toename van die skoolbevolking wat in 1825 reeds op 225 leerlinge[1] te staan gekom het, was die Morawiese Sending nie instaat om 'n nuwe skoolgebou op te rig of die bestaande een te vergroot nie. Alhoewel hierdie probleem in 1831 deur die opening van die kleinkinderskool enigsins verlig is, was dit teen die einde van 1838 ewe erg toe die getalle vanweë die uiteindelike vrylating van die slawe skielik tot 300 geklim het.[2]

(b) <u>Kleinkinderskool</u>. Die stigting van 'n kleinkinderskool te Genadendal moet veral aan die pedagogiese insig en durf van eerw. Hallbeck toegeskrywe word.

Ten einde soiets met sukses deur te voer, is daar met behulp van die sending 'n nuwe skool in 1830 opgerig wat in die daaropvolgende jaar met nie minder as 114 kinders tussen 3 en 5 jaar geopen is nie.[3]

Onder die bekwame leiding van eerw. Hallbeck en 'n personeel van vier lede is hierdie nuwe onderneming met durf aangepak en, nadat heelwat pionierswerk deur die hoof in hierdie verband verrig is, het die skool spoedig opgang gemaak.

Die doel van die onderrig was veral om die Bybelse waarhede en die beginsels van die Christelike geloof by die jeug van kindsbeen af tuis te bring en sodoende hulle sedelike inbors daardeur te versterk.[4]

Ten einde hierdie ideaal te verwesenlik, het eerw. Hallbeck 'n reeks van „Eenvoudige lessen" opgestel wat daagliks onderrig is. Volgens eerw. Schmidt het dit bestaan uit „lesse uit die Ou Testament en uit die Nuwe Testament, lesse oor diere en 'n môreles, gedeeltelik gedig en gedeeltelik versamel".[5] Daar elke lessie baie realisties voorgestel moes word, is heel-

---

1. Bosman: Teenstra, De Vrughten mijne Werkzaamhede, 135.
2. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 11.
3. Ibid., 8.
4. Ibid., 8-9.
5. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 8.

wat prente vanuit Europa vir hierdie doel aangeskaf. Dit verbaas ons dan ook glad nie dat eerw. Hallbeck later die kleurryke atmosfeer van die kleinkinderskoollokaal met „een boom geplant aan waterbeken"[1] vergelyk het nie.

Vanweë die simpatieke behandeling van kleintjies was daar spoedig so 'n toestroming dat die totale inskrywing ag jaar na die opening van die skool die 200-kerf bereik het.[2]

(c) Kweekskool. Tien jaar voor die offisiële opening van die kweekskool te Genadendal, het eerw. Hallbeck reeds begin met die opleiding van die eerste twee kleurlingonderwysers en daardeur bewys gelewer „dat de inboorlingen bij goede opvoeding bekwame medearbeiders konden zijn".[3] Langsamerhand het hierdie idee van die superintendent by alle Broeders ingang gevind en teen 1836 was almal die mening toegedaan dat die groeiende tekort aan werkkragte slegs deur middel van mede-kleurlingarbeiders die hoof gebied kon word.[4]

Alhoewel eerw. Hallbeck hom sterk vir die opleiding van kleurlihgonderwysers beywer het, is dit heeltemal duidelik dat hy Genadendal nie as 'n geskikte sentrum daarvoor beskou het nie. Tydens die sitting van die Algemene Sinode te Herrnhut in 1836, het hy dan met die oog hierop daarop aangedring dat 'n stadsgemeente in Kaapstad gestig en die instituut van Genadendal daarheen verplaas moes word.[5]

Ondanks die feit dat aan laasgenoemde versoek nooit uitvoering gegee is nie, het die Algemene Sinode sy voorstel i.v.m. die opleiding van kleurlingonderwysers heelhartig ondersteun en die vertroue uitgepsreek dat dit nie alleen die skoolwerk in besonder maar ook die werk van die Here in die algemeen sou bevorder.[6]

---

1. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 8-9.
2. Ibid., 11.
3. Ibid., 10.
4. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 391.
5. Schmidt: Die kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 7.
6. Ibid.

Die oprigting van 'n opleidingskool vir sowat 12 studente is veral deur die buitengewone geskenk van die vrygewige Duitse vors Schönberg-Waldenburg moontlik gemaak.[1] Nadat die bedrag ontvang is, het die „Helperkonferensie" besluit om onmiddellik met die opleiding van kleurlingonderwysers en die daarstelling van die kweekskool te begin. Met behulp van die fondse wat hulle tot hul beskikking gehad het, is dadelik 'n stuk grond waarop 'n huis en 'n tuin aangelê was, aangekoop en, nadat die terrein in orde gebring was, is die hoeksteen van die gedenkwaardige gebou op 1 November 1837 deur eerw. E.L. Teutsch gelê. Daar die gebou sonder oponthoud binne tien maande voltooi is, het die plegtige inwyding daarvan reeds op 12 September 1838 geskied.[2]

Eerw. C.F. Francke en sy gade wat biskop Hallbeck in 1837 na Suid-Afrika vergesel het, het as die eerste twee dosente i.v.m. opleiding van kleurlingonderwysers opgetree. Weens die rype ervaring van die egpaar en die buitengewone musiektalent van eersgenoemde, kon die „Helperkonferensie" kwalik beter aanstellings vir hierdie grootse onderneming gemaak het. Nadat die klasse op 5 Augustus 1837 'n aanvang geneem het, het die aantal studente tydens die inwyding van die kweekskool op 9[3] te staan gekom. Hierdie getal is later deur nog twee studente wat van Groenekloof afkomstig was, aangevul. Na die inwyding van die kweekskool, is mev. C. Francke wat tot dusver haar man as tydelike steunpilaar gedien het, deur Ezechiel Pfeiffer, een van die eerste twee kleurlingonderwysers wat deur biskop Hallbeck opgelei is, in permanente hoedanigheid vervang.[4]

Benewens sy werk as dosent het eerw. Francke hom sterk beywer vir die afrigting van kerkkore en sodoende daarin geslaag

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 391.
2. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 8.
3. Van hierdie 9 studente was daar 7 van Genadendal, 1 van Elim en 1 van Enon. Sien Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 8.
4. Ibid.

om die grondslag te lê van 'n instelling wat later veel daartoe bygedra het om die eredienste op te luister. Ook wat die opstelling van die „Eenvoudige lessen ten gebruik van kleinkinder-scholen" betref, het biskop Hallbeck in hom 'n warme ondersteuner en ywerige medewerker gevind.[1)]

Nadat hy vir ongeveer twee jaar as hoof van die kweekskool opgetree het, het hy op 20 Augustus 1839 as leraar na Groenekloof vertrek. Die vakature wat sodoende ontstaan het, is daarna deur eerw. C.A. Küster, wat hom in 1837 na Suid-Afrika vergesel het, gevul.[2)]

(d) Fasiliteite vir volwassenes. Die onderwys en opvoeding van volwassenes wat alreeds die bestaande skool verlaat of nog in 'n staat van onkunde geleef het, is voortdurend deur die sendelinge bevorder.

Alhoewel die nywerhede wat deur die eerste pioniere opgerig is, nog voortreflike dienste in belang van die gemeenskap gelewer het, is heelwat nuwe fasiliteite vir volwassenes gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu geskep. Diegene wat dus in die een of ander vertakking van die industrie aan die hoofplaas belanggestel het, het derhalwe voldoende geleentheid gehad om hulle onder die bekwame leiding van hulle vakkundige meesters vir die een of ander beroep te bekwaam.

As gevolg van die aankoms van meer sendelinge in 1811 het daar naas die ou watermeul en die messefabriek ook nog 'n smidsen skrynwerkerswinkel verrys.[3)] In hierdie nuwe industrieë het die Hottentotte nou vir die eerste maal praktiese onderrig in die vervaardiging van plaasgereedskap, smeewerk, wamakery en skrynwerkery ontvang.

Die messefabriek het gedurende hierdie periode ook buitengewone vordering vanweë die algemene skaarste aan en groot aanvraag vir dergelike artikels in die land, gemaak. Ten einde

---

1. Schmidt: Die kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, Suid-Afrika, 1838-1927-1935, 8-9.
2. Ibid., 9.
3. Periodical Accounts, 1795-1834, 120.

die groeiende aanvraag die hoof te bied, is dan behalwe knip- en snoeimesse waarop die bedryf aanvanklik geskoei was, ook penne-, vrugte-, brood- en tafelmesse vervaardig.[1)]

Maar dit was trouens nie die enigste nywerhede wat vir die ontwikkeling van groter selfstandigheid onder die gemeenskap geskep is nie. So maak die reisiger Teenstra dan ook nog melding van 'n skoenmakery, 'n kuipery en 'n florerende leerlooiery wat hy tydens sy besoek in 1825 hier aangetref het.[2)]

Benewens hierdie bedrywe vir mans is daar ook met die oog op die produksie van huishoudartikels en klerasie vir eie gebruik 'n naaiskool vir vroue in 1835 geopen waarin mev. ? Lees en later mev. G. Hallbeck as instruktrise opgetree het.[3)]

Alhoewel vakleerlinge wanneer hulle 'n sekere mate van vaardigheid bereik het, vergoeding vir alle arbeid ontvang het, is alle oortollige opbrengste wat die verskillende vertakkings van die bedryfslewe afgewerp het, behalwe díé wat vir eie gebruik nodig was, vir die uitbreiding van die sending in ander dele van die wêreld aangewend.[4)]

5. Onderwystoestande op sendingstasies in die binneland.

Die inhoud, metode en beheer van die onderwys en opvoeding van volwassenes en die jeug te Groenekloof, Enon , Hemel-en-Aarde, Elim, Silo en Clarkson het in geen enkele opsig van dié van Genadendal verskil nie.

(a) Wat die volwasse heidene betref, het alle onderwys en opvoeding op evangelisasie, aanleer van nuttige handwerk en die tuisbring van vlytigheid berus. Sodra die lig van die evangelie in hulle harte ontbrand het, het daar by hulle 'n onkeerbare drang ontstaan om onderrig in Gods Woord (en die Belydenisskrifte van die Morawiese Broederkerk) te ontvang. Wanneer hierdie onderrig dan uiteindelik op bekering uitloop, het

---

1. Bosman: Teenstra, De Vrughten mijner Werkzaamheden, 137.
2. Ibid.
3. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 10.
4. Moodie: Ten years in South Africa, Deel 1, 78.

daar hy dusdaniges so 'n eerlike vlytigheid posgevat wat dikwels die bewondering van onbekeerdes afgedwing het.[1]

Behalwe landboukundige werk het die sendelinge hulle ook voortdurend beywer om sommige Hottentotte sekere ambagte soos skrynwerk, messelwerk, smidswerk (insluitende die vervaardiging van messe), looiery en hoedemakery te leer. Van bovermelde stasies wat gedurende hierdie periode aangelê is, het Enon verreweg die beste geleenthede in hierdie verband gebied. Aangaande die verskillende fasiliteite wat daar vir vakleerlinge aangebied is, deel eerw. Schmidt ons die volgende mee: „Er werden wijngaardmessen, Boschlemmers genoemd, gemaakt en wagenmaker en schrijnwerker arbeid gedaan. In het kleine werd ook eene looiery bedreven".[2] Op Groenekloof en Elim daarenteë het die leraars veel meer op tuinbou, veeteelt en landbou gekonsentreer. Vanweë die merkbare vooruitgang wat daar gedurende die afgelope paar jaar op laasgenoemde gebied waar te neem was, is daar in 1830 'n perdemeul te Groenekloof en 'n watermeul te Elim[3] tot gerief van die inwoners opgerig. Wat die instituut vir melaatses betref, is daar net aandag aan tuinbou geskenk. Behalwe 'n klein stukkie grond wat pasiënte vir eie verbouing ontvang het, was hulle ook verplig om in die tuin van die inrigting te werk indien hulle kragte dit toegelaat het.[4] Alhoewel daar niks in hierdie verband van Silo en Clarkson vermeld word nie, kan ons nogtans met vertroue aanneem dat die onderrig van dergelike nywerhede ook hulle regmatige plek i.v.m. die opvoeding van volwassenes hier ingeneem het.

Benewens hierdie fasiliteite vir mans is daar ook op enkele stasies soos Groenekloof[5] en Elim[6] naaldwerkklasse vir Hottentotvroue deur die gades van sendelinge gereël.

---

1. Missions in South Africa, 255.
2. De Bode, 23 Des. 1910, 97: Sien artikel, Enon, deur R. Schmidt.
3. Periodical Accounts, 1795-1834, 123.
4. Schmidt: Hemel-en-Aarde, 4.
5. Latrobe: A Journal of a visit to South Africa, 321-322.
6. De Bode, 16 Sept. 1910, 73: Sien artikel, Enon, deur R. Schmidt.

Omdat die nawerking van al hierdie voorligting weldra in die huise, tuine en velde van die inwoners van hierdie sendingstasies waar te neem was,[1] het die Morawiese Broeders nie alleen daarin geslaag om die sosiale peil van die inboorlinge te verhoog nie, maar ook om van hulle nuttige en bruikbare burgers van die land te maak.

(b) Op al hierdie sendingstasies behalwe Hemel-en-Aarde en Clarkson, het die volwassenes aanvanklik saam met die kinders 'n dagskool bygewoon. Die beste voorbeeld in hierdie verband is seker die slaweskool van mev. ? Schmitt te Groenekloof wat in 1812 nog deur sowat 150 leerlinge tussen 6 en 30 jaar bygewoon is.[2] Soortgelyke toestande het ook in Enon omstreeks die helfte van 1818 geheers toe vir die eerste maal met die onderrig van manne en vroue en 9 kinders 'n begin gemaak is.[3] Met verloop van tyd het hierdie verskynsel meer en meer in onbruik geraak en, toe skole later in Elim en Silo geopen is, het soiets nie meer bestaan nie.

Die onderwys in die dagskole is gedurende hierdie periode uitsluitlik deur die sendelinge en hulle gades waargeneem. In hierdie opsig was Hemel-en-Aarde 'n uitsondering omdat die enigste onderrig aan 'n paar melaatse gevalle deur 'n vroulike pasiënt van Genadendal verskaf is.[4] In die reël is elke dag van die week behalwe Sondag skoolgehou, maar in 'n geval soos Groenekloof waar die toestroming van volwassenes en kinders so erg was dat die beskikbare arbeidskragte nie alles kon behartig nie, is daar net twee of driemaal per week skoolonderrig verskaf.[5] In die geval van Enon waar daar weer aparte skole vir seuns en dogters bestaan het, het die onderrig van eersgenoemde in die môre en dié van laasgenoemde in die namiddag plaasgevind.[6]

---

1. Missions in South Africa, 256.
2. Campbell: Travels in South Africa, 9.
3. De Bode, 16 Sept. 1910, 73: Sien artikel, Enon, deur R. Schmidt.
4. Missions in South Africa, 257.
5. Campbell: t.a.p., 9.
6. Missions in South Africa, 276.

Van doeltreffende skoolgeboue was daar destyds ook geen sprake nie. Omdat die geestelike belange van alle gemeentes voorrang geniet het, is daar meestal met die oprigting van skoolgeboue getalm tot tyd en wyl genoegsame fondse vir die doel beskikbaar was. Aanvanklik is egter van alle moontlike fasiliteite gebruik gemaak. Op stasies soos Groenekloof[1] en Elim[2] is 'n vertrek van die woonhuis of 'n buitegebou vir kerk- en skooldoeleindes ingerig. Op stasies soos Enon[3] en Silo[4] waar dergelike geriewe nie bestaan het nie, moes tydelike geboutjies vir hierdie doel opgerig word. Sodra permanente kerkgeboue op hierdie stasies verrys het, is alle tydelike lokale wat vroeër vir beide doeleindes aangewend is, in skoolgeboue omgeskep.[5]

In al hierdie skole was die Bybel en die Belydenisskrifte die sleutelvak. Dit het trouens ook die gees en rigting van al die ander vakke en gans die skool bepaal. Origens is ook ander vakke soos lees, skrywe, reken, aardrykskunde[6] en naaldwerk[7] vir die dogters onderrig. Om die vordering van die leerlinge in hierdie verband vas te stel, het die sendelinge af en toe 'n skooleksamen gereël.[8] By dergelike geleenthede is die leerlinge dan individueel getoets en almal het deur middel van voordrag en mondelinge vrae die geleentheid gekry om te toon waartoe hulle instaat was.

Behalwe dagskole vir groter leerlinge waarvan daar omstreeks 1832 reeds drie bestaan het, is daar ook kleinkinderskole vir leerlinge tussen 2(3) tot 5 jaar in Elim (1832), Groenekloof (1833) en Enon (1835) gestig wat presies op dieselfde beginsels as dié te Genadendal gewerk het.[9] Wat die

---

1. Latrobe: A Journal of a Visit to South Africa, 295-296.
2. Die Huisvriend,9 Okt.1949,163: Sien artikel, Elim, deur R. Schmidt.
3. De Bode,16 Sept.1910,73:Sien artikel,Enon,deur R. Schmidt.
4. Periodical Accounts, 115.
5. Hierdie omskeppingsproses het in 1818 in Groenekloof en in 1835 in Elim begin toe kerkgeboue op hierdie stasies opgerig is: Sien Periodical Accounts, 120 & 123.
6. Missions in South Africa, 258.
7. Latrobe: t.a.p., 321-322.
8. De Bode,23 Des.1910,98: Sien artikel,Enon,deur R. Schmidt; Missions in S.A., 287.
9. Periodical Accounts, 1795-1834, 124.

onderrig van die kleuters betref, het alle klem op die leer van die alfabet, spel, Bybelgeskiedenis en die sing van gewyde liedere geval, maar die beste leerlinge het ook heelwat geleentheid gekry om vanuit die Nuwe Testament te lees.[1)]

Alhoewel die gebrek aan doeltreffende skoolgeboue, behalwe in die geval van Enon,[2)] enersyds vertragend op die vooruitgang van die onderwys en opvoeding van die kleintjies gewerk het, het daar andersyds so 'n radikale kentering onder hulle geledere plaasgevind dat hul eertydse „timid, sulky disposition" in „open-heartedness and friendliness" oorgegaan het.[3)]

Daar die groei van die dag- en kleinkinderskole op die verskillende stasies ten nouste met die beskikbare onderwysfasiliteite saamgehang het, is dit ten slotte interessant om te weet hoe fluks die inskrywings, ondanks remmende faktore, met verloop van jare toegeneem het. Alhoewel alle opgawes in hierdie verband nie vermeld word nie, dien newegaande gegewens vir 1825 en 1835 as 'n duidelike weerspieëling van 'n geweldige stormloop en gesonde groei wat gedurende die eerste vier dekades van hierdie eeu op onderwysgebied plaasgevind het.

| Stasie | Stigtingsdatum | Aantal leerlinge op die rol 1825 [4)] | 1835 [5)] |
|---|---|---|---|
| Groenekloof | 1808 | 110 | 200 |
| Enon | 1818 | 140 | 100 |
| Hemel-en-Aarde | 1823 | | |
| Elim | 1824 | 25 | 180 |
| Silo | 1828 | | 100 |
| Clarkson | 1839 | | |

1. Missions in South Africa, 274.
2. Hierdie gebou is moontlik gemaak deur 'n geskenk van 50 riksdalers wat Enon vir die oprigting van 'n kleinkinderskool van dr. Lees, sendingdokter van die Morawiese Broederkerk in S.A. ontvang het; Sien De Bode, 23 Des. 1910,98.
3. Missions in South Africa, 273.
4. Ibid., 257.
5. Periodical Accounts, 1795-1834, 124.